

# Nominasie van kandidate vir moontlike verkiesing as nie-uitvoerende direkteure op die Raad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

Nominasies word hiermee aangevra vir persone om as kandidate te dien vir moontlike verkiesing as nie-uitvoerende direkteure op die Raad van Direkteure (die Raad) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (Bank). Drie vakatures moet tydens die Gewone Algemene Vergadering van Aandeelhouders op 30 Junie 2011 gevul word.

Kandidate vir die Raad mag deur enige aandeelhouer, huidige direkteur van die Bank, of enige lid van die publiek genomineer word. Nominasies word oorweeg deur 'n onafhanklike Paneel waarvan die President van die Bank die Voorsitter is. Twee lede van die Paneel word deur die regering benoem, waarvan een 'n afgetrede regter is. Drie lede word aangewys vanuit handel, arbeid en die gemeenskap.

Die name van kandidate wat deur die Paneel aanbeveel word – nie meer as drie name vir elke vakante posisie nie – word aan aandeelhouders van die Bank voorgelê, wat tydens die Gewone Algemene Vergadering die nie-uitvoerende direkteure vir 'n tydperk van bykans drie jaar verkies.

Die Raad is 'n toesighoudende raad. Kandidate vir die Raad moet geskik en gepas wees, die nodige aansien geniet en oor kennis en ervaring beskik om in die Raad te dien. Die drie vakatures wat gevul moet word, vereis dat kandidate oor kennis van en vaardighede in ten minste een van die volgende gebiede beskik:

- Arbeid
- Handel of finansiewese
- Mynbou.


Kandidate vir die Raad moet in Suid-Afrika woonagtig wees en aan die voorskrifte van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989 (Wet Nr. 90 van 1989), soos gewysig, voldoen. Hierdie wetgewing is beskikbaar by [www.reservebank.co.za](http://www.reservebank.co.za).

Nominasies vir die Raad moet op die voorgeskrewe nominasievorm geskied, wat aangevra kan word by:

Dr Jannie Rossouw  
Waarnemende Sekretaris van die Bank  
Posbus 427  
Pretoria  
0001  
e-pos: [Jannie.Rossouw@resbank.co.za](mailto:Jannie.Rossouw@resbank.co.za)

Nominasievorms is ook beskikbaar by [www.reservebank.co.za](http://www.reservebank.co.za).

Nominasies vir die voorgestelde nie-uitvoerende direkteure sluit op Vrydag, 18 Maart 2011. Alle nominasies moet op die voorgeskrewe nominasievorm ingedien word by die Waarnemende Sekretaris van die Bank per e-pos, of per pos by bogemelde adres.



**South African Reserve Bank**